NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

PASTORALE BRIEF

OKTOBER 2021

DIE VRUG VAN DIE GEES (VIII): NEDERIGHEID

“Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.” Galasiërs 5:22-23

Ons is nou by die tweede laaste faset van die vrug, en eintlik hoef mens dit amper nie eens te noem nie. Dit spreek absoluuut vanself! As jy al ooit Filippense 2 gelees het waar Paulus daardie ou kerklied vir sy lesers aanhaal, sal jy weet waarvan hy hier praat. Jy ken mos daardie gedeelte. Dit begin: "Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was..."

En dan herinner hy ons daaraan dat Jesus, die Prins van die hemel, bereid was om alles net so agter te laat en 'n dienskneg te word ter wille van ons en ons verlossing. Sy hele menswording en lyding was een lang vernedering. En Hy het dit gedoen, want Hy was só lief vir ons...

Daarom is dit hoe jou lewe ook moet lyk. As jou Here bereid was om Homself só vir jou te verneder, kan jy mos nooit jouself belangrik probeer hou nie. Jy het geen reg om altyd reg te probeer wees, en van ander te verwag om jóú te dien nie. Daarby is jy beslis ook nie verhewe daarbo, om jou moue op te rol en ander te dien, en in enige situasie die minste te wees (selfs al glo jy jy is honderd persent reg!) nie.

‘n Volgeling van Jesus is nederig, soos sy Here nederig was...